Voorlopige belasting bekyk

Die definisie van voorlopige belastingbetalers gaan verander om onnodige registrasie uit te skakel.

Dit is deel van pogings om die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) se administrasie meer vaartbelyn te maak.

Op die oomblik word mense wat as voorlopige belastingbetalers geregistreer is, maar wat vrygestel is van die betaling van voorlopige belasting, steeds as voorlopige belastingbetalers beskou.

Volgens die begrotingsoorsig word hulle in die praktyk nie deur die SAID as voorlopige belastingbetalers behandel nie, maar hulle bly deel van die register.

Die voorstel wat mnr. Pravin Gordhan, minister van finansies, in sy begroting maak, is dat die definisie verander word om dit duidelik te maak dat vrygestelde mense nié voorlopige belastingbetalers is nie.

Die nasionale tesourie oorweeg dit ook dat die vrystelling van registrasie vir voorlopige belasting uitgebrei word tot belastingbetalers wat min of geen voorlopige belasting het om te betaal nie..

Me. Doelie Lessing, belastingdirekteur van Werksmans, sê die voorstel is ook gemik op maatskappye wat nie sake in Suid-Afrika doen nie, maar van wie die mense wat hul sake bedryf, egter gereeld in Suid-Afrika is. Die maatskappy verdien geen inkomste hier nie, maar word as 'n "belastinginwoner" beskou en moet hier registreer.

"Jaar na jaar moet daar 'n opgawe ingedien word, al is dit 'n nulopgawe. Nou dat daar streng boetes ingestel word op die nie-indiening van opgawes, moet dié wat dit nie gedoen het nie, begin opgawes indien."

Lessing sê sy glo dit is deel van die SAID se manier om onnodige werk uit te skakel en sy administratiewe las ligter te maak.

Dit is nie lonend om mense aan te stel om dié onnodige rompslomp te hanteer nie, sê sy. – **Amanda Visser**